

Saterdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 82

Fokusgedeelte: Psalm 82:1; Romeine 8:31-39

God lewer uitspraak!

Hierdie is ook 'n Psalm van Asaf en word deur talle teoloë beskou as een van die moeilikste Psalms om te verstaan. Die gedagte van 'n hemelse vergadering tussen hemelwesens (vs 1) en God wat maghebbers "gode" noem (vs 6) is nie deel van ons aardbewoners se normale woordeskat nie. Tog is dit duidelik dat hierdie Psalm oor 'n regsgeeding tussen die Hemelse God en maghebbers handel.

Asaf wys op die sondige realiteit van magsvergryp. Waar weeskinders en hulpelose mense deur die reg beskerm moet word, verdraai maghebbers die waarheid van die reg deur onregverdige beslissings ten koste van uitgelewerde mense: "... julle gaan eenvoudig in duisternis voort ..." (vs 4).

God, die Hemelregter, gryp egter in (vs 1, 2). Die sonde van magsvergryp sal nie ongestraf gelaat word nie!

Ons leef in 'n Suid-Afrika waarin magsvergryp in ons geskiedenis 'n realiteit was, tans is, en menslik gesproke in die toekoms nog sal wees. Ons het ook leiers wat "verafgod" (vs 6) was en word en sal word, en wat "eenvoudig in die duisternis" (vs 4) voortleef sonder ontsag vir ons Here.

Om beskuldigend vinger te wys en modder rond te gooi, is maklik en menslik. Voordat jy egter verder aan die magsvergrypers dink, dink eers aan jouself. Is "hulle" korrupte leefwyse in die duister erger as rassisme, skinder, formalisme ...? As die Hemelregter regverdig oor jou/my moes oordeel, wie sou ooit vrygespreek kon word?

In Romeine 8:31 ev. word 'n hemelse hofspraak uitgelig wat ons as Christene se lewens onherroepelik verander het ... die Hemelregter het reg gespreek in ons guns! God is vir ons, wie kan dan ooit teen ons wees? Christus het vir al ons sondeskuld betaal, wie kan ons daarom ooit aankla? Ons is ewig aan ons Here verbind, wie kan ons ooit van sy liefde skei?

Dit is die groter realiteit as magsvergryp en onreg in ons eie pragtige land en regoor die hele wêreld. Vir ons as Christene gee dit perspektief in hierdie lewe. Dit is asof ons 'n Asaf van ouds opnuut hoor sê: "Selfs al is daar onregverdige magsvergryp wat jou lewe lamlê, onthou altyd, God is vir jou, niemand kan ooit teen jou wees nie en niemand kan jou ooit van sy liefde skei nie." Hou daaraan vas as troos en getuig vrymoedig daarvan.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Dr. SP van der Schyff (Fanie) (Pretoria-Brooklyn)